



Ruach Bediening Nuusbrieff

Maart 2021

Sarel en Gerda Reinecke

In hierdie Nuusbrieff

1. Gedagte vir die maand.....	1
2. Gebedsterapie sessies.....	2
3. Getuienisse	2
4. Sommer net 'n paar gedagte's.....	2
a. Net 'n drukkies.....	2
b. Ek hang my kop in skaamte	3
c. Ek het skielik MOEG geword om te bid.....	3
d. Pensioendag.....	4
5. Beplanning vir die volgende maande.....	4
6. Woord in Aksie kampe – Pretoria.....	5

1. Gedagte vir die maand

Hábakuk 3:17-19

¹⁷Alhoewel die vyeboom nie sal bloei en aan die wingerdstokke geen vrug sal wees nie, die drag van die olyfboom sal teleurstel en die saailande geen voedsel oplewer nie, die kleinvee uit die kraal verdwyn en geen beeste in die stalle sal wees nie— ¹⁸nogtans sal ek jubel in die HERE, ek sal juig in die God van my heil.

¹⁹Die HERE Here is my sterkte, en Hy maak my voete soos dié van herte, en Hy laat my tree op my hoogtes.



2. *Gebedsterapie sessies*



In **Maart 2020** was daar **48** gebedsterapie sessies in **Centurion** gewees.
In **Maart 2020** was daar **0** gebedsterapie sessies per **Telefoon** gewees.
In **Maart 2020** was daar **3** gebedsterapie sessies per **Video Call** gewees.
In **Maart 2020** was daar **19** gebedsterapie sessies in **Delmas** gewees.
In **Maart 2020** was daar **21** gebedsterapie sessies in **Middelburg** gewees.
In **Maart 2020** was daar **6** gebedsterapie sessies in **Nylstroom** gewees.
In **Maart 2020** was daar **6** gebedsterapie sessies in **Fochville** gewees.

Totale gebedsterapie sessies vir **Maart 2021** was **103**.

3. *Getuïenisse*

Die maand se terugvoer en getuïenis wat ons gekry het in die bediening:

Getuïenis 1: Goeie middag Oom, ek wou net laat weet dat my enkel baie beter voel, nadat Oom vir my gebid het en dat ek weer gemaklik draf.



Getuïenis 2: Ons het 'n blou budgie begin sien in ons tuin. Ek het dit reggekry om hom te vang. Ons het vir niemand vertel van die budgie nie. Op Sondag 21 Maart praat ek en Gerda dat ons 'n plan sal moet maak met die budgie, om dit vir iemand te gee. Die volgende oomblik kry ek 'n "whats up" van iemand wat altyd vir bediening kom na my "Oom, kan ek asb vra of ek 'n budgie by Oom kan koop, vir my seun 7 wat 23 Mei verjaar". Ons is verstom!!! Hier is 'n seuntjie wat gebid het vir 'n budgie en kyk wat gebeur. Hy gaan op sy verjaarsdag 'n budgie present kry.



Getuïenis 3: Oom het vir my gebid vir werk, ek het begin werk.

Getuïenis 4: Hi Oom, ek wil net laat weet ek het so week terug begin werk.....

Getuïenis 5: Ons voel altyd soos familie by julle. Julle liefde, omgee en warmte, asook die lekker atmosfeer by julle. Julle tuin is 'n fees vir die oog. Wees bo natuurlik geseend in Jesus Naam.

4. *Sommer net 'n paar gedagte's*

a. Net 'n drukkier

'n Seuntjie gryp my bene vas, kyk op in my oë en sê: "Omie, tel my op, asseblief oom. Tel my net op." Dit is 'n wild vreemde seuntjie. Ek ken hom van geen kant nie. Ek het hom nog nooit gesien nie. Ek vra hom: "Hoekom moet oom jou optel?"

Dadelik kom die antwoordjie: "Oom, gee my net 'n drukkier. Dan kan oom my weer neersit. Net een drukkier, oom."

Ek kan nie glo wat ek hoor nie. 'n Vrou kom vinnig aangestap en maak verskoning. "Ekskuus meneer, dit is sommer 'n klomp kinders uit die kinderhuis."

Daardie nag kon ek nie aan die slaap raak nie. As ek my oë toemaak, sien ek elke keer hierdie gesiggie voor my. Die weerlose ogies, die sielswonde, die angs, die verwerping wat ek alles in enkele sekondes in hierdie kindergesiggie gesien het.

Seer, Here, ek het seer. Baie seer. Hoekom ek Here? Hoekom moes dit met my gebeur Here? Kon U nie iemand anders uitkies nie, Here?

Net soos hierdie seuntjie het ons ook soms behoefte aan liefde, Here druk my net bietjie vas, dan kan U my weer laat gaan, maar dis nie hoe God werk nie, Hy trek jou nader, druk jou vas aan Sy bors, en dan fluister Hy in jou oor: "Ek sal jou nooit verlaat of laat gaan nie."

Deel vandag liefde uit, kyk om jou rond, daar buite is iemand wat ook liefde nodig het. Miskien is dit ook een van die lewe se weeskinders, gee hulle ook asseblief 'n drukkie.

(Met erkenning aan Pierre Du Plessis – Facebook)

b. Ek hang my kop in skaamte

Vandag voel ek skaam ... Ek dink aan gister by die kassiere toe ek my bank kaart in my motor vergeet het nadat ek die tolpad gebruik het. So halfpad deur my inkopies besef ek my kaart is nog in die kar, loer in die beursie en tel die kontant, ek tel min of meer op wat die waarde van die items in die trollie is. Ek is reg en sal dit maak. Staar in 'n lang tou en wag om te betaal. Soos my gewoonte is gesels ek met die mense in die tou. Hierdie keer is die slagoffer 'n man, duidelik 'n konstruksie werker en in sy hand is 'n "half loaf" met sy pint melk en blikkie Pilchards (ek skuif my duur blikkie tuna onder die groente in ... ek voel skuldig). Hy werk net langs die parkeer area, besig met die nuwe ingang wat na die mall lei vanaf die hoofpad. Dit word my beurt om te betaal en soos die noodlot toe my mos gesind is, kort ek 'n volle R10!

Ek vra die kassiere of ek na my voertuig kan gaan om my kaart te kry. Die man agter my tik my op die skouer en bied my 'n gefrommelde R10 noot aan. My hart krimp want ek sien sy karige maal teenoor my trollie met "gesonde en luukse" kos. Ek wys dit eers van die hand en hy sê vir my: "Moenie worrie, die Here seën ons elke dag." Heel verleë neem ek sy geld en bedank hom uit die diepte van my hart. Ek wag vir hom om sy goedjies te betaal en vra hom om saam met my te stap. Ons kom by my motor en wil munte uit haal en vir hom gee, wat vir parkeergeld bedoel is. Trek die sigarethouer se laaitjie oop en daar is geen munte maar 'n R200 noot! "Die Here sal jou altyd in veelvoud seën as jy gee sonder om iets terug te verwag". Die man was verslae oor die geld en sy woorde was vervul. Ek weet nou nog nie hoe die R200 daar gekom het nie!

Sy woorde: "Ek kan vir my fiets "patch en solution" kry. Mōre spaar ek taxi geld!" Dan dink ek by myself...ek is vandag net dankbaar...daar is nog goeie mense wat regtig omgee.

(Met erkenning aan Banie van der Merwe – Facebook)

c. Ek het skielik MOEG geword om te bid

'n Paar maande terug het "EK" opgehou om te bid. Dis 'n skokkende besluit en uitlating! Het jy terug geval Leon? Dit klink totaal onheilig, van die pad af en sommer boosaardig! Ek het besef, ek was besig met nuttelose, kraglose 400 meter sirkel gebede. Ek was moeg na elke gebed, want ek het die laaste tyd nooit op die wenners podium met 'n beantwoorde "gebeds beker" gestaan nie.

Skielik het ek besef ek moet my gebede / gesprekke met God verander. Ek het opgehou om besorgde gebede en klagte versoeke op te stuur vir my vrou en kinders, want dit is nie my plig om van hulle goeie mense te maak nie, maar GELUKKIGE mense! Dit het ook ge-geld vir my ander familieledes, kerk en kosbare vriende!

Ek moes my gesprekke totaal verander met Vader. Ek het uitgeroep: "Here begin by Leon T" Here verander my so dat ander mense, nee Here, ALLE mense met my kan en wil saamleef net so genadig, respekvol, behulpsaam, teer en liefdevol soos U teenoor my is, MOET ek teenoor ALMAL wees!

Here maak my 'n waardige mens, gretig om altyd diensbaar te wees en my medemens ALTYD eerste te stel. En hiervoor het ek ekstra genade nodig. Dis nie my plig om mense goed te maak nie, dis God se werk, maar ek moet 'n spieëlbeeld wees van die Christus karakter.

Ek het besef, dat die selfsugtigste, eensydige gesprekke in my lewe was van my na God. Ek het die radikale besluit geneem om vir die laaste paar maande op 'n "NIKS MEER VIR LEON T VAS " te gaan. Ek't niks meer van God vir myself gevra nie! Ek het NET my familie, kerkfamilie en vriende se versoeke aan God opgedra EN my lewe en geestes toestand het na 'n ander vlak geskuif!

Ek hoor wat ek nog nooit gehoor het nie en ek sien dieper as ooit. En ek huil MEER as ooit oor die verlore nes, die eensames, die armes, die swakkes, die gebrokenes. Ek rou oor God se kerk, maar ek weet iets Goddelike is oppad! Ek ruik die vars oeste, die vars deurbrake en Goddelike uitkomst.

(Met erkenning aan Leon Terblanche - Facebook)

d. *Pensioendag*

Pick n Pay

Ek was gister oggend al 6:45 in 'n lang ry by Pick n Pay...hulle maak mos 7h00 oop, maar hulle het gevra die senior burgers moet eerste kans kry (ek kwalifiseer mos ook al vir n senior burger met my grys hare) N jong mannetjie kom van die parkeerarea en probeer wraggies om sommer voor in te druk, maar tannie Retsie van die ouetehuis wip vir haar en slat hom met haar kiere tot agter in die ry. Hy probeer wraggies weer maar toe pak oumeneer Joggie hom en slat hom sommer in die pens en skop sy voete onder hom uit dat hy rol daar op die parkeerterreinwas n lang ry wat hy nou wou bypass. Tot almal se verbasing probeer hy n derde keer weer, maar toe skree hy sommer soos hy aankom: "Julle ou klomp gryskoppe moet nou so met julle nonsens aangaan da sal julle nou sien hoe julle wag tot vanaand toe...sal julle eie skuld wees as julle my nie laat verbykom dat ek die deur kan oopsluit nie!" 🤔😏😂😂

5. *Beplanning vir die volgende maande*

DELMAS

MAANDAE is ek in Delmas.

Kontak persoon om 'n afspraak te reël: **Linn Swanepoel** ☎ **072 400 6487**



MIDDELBURG	NYLSTROOM	FOCHVILLE
Ons bedien 1 x 'n maand in Middelburg , 'n Vrydag en Saterdag. Om afspraak te reël in Middelburg, kontak vir Sarel Reinecke ☎ 084 429 7016	Die kontak persoon vir afspraak is: Tannie Nellie De La Porte ☎ 079 581 0624	Die kontak persoon vir afspraak is: Petro Gerber ☎ 076 577 6296
9 & 10 April		
7 & 8 Mei	26 Mei	20 Mei
4 & 5 Junie		
9 & 10 Julie	28 Julie	22 Julie
6 & 7 Augustus	18 Augustus	19 Augustus
3 & 4 September	22 September	16 September
1 & 2 Oktober		14 Oktober
29 & 30 Oktober	3 November	25 November
3 & 4 Desember	8 Desember	

6. *Woord in Aksie kampe – Pretoria*

Kyk op Facebook blad : **Woord in Aksie** vir meer besonderhede.

Ook op www.wia.org.za.

Kontak besonderhede: Woord in Aksie ☎ 010 065 0881

Baie seëninge vir julle almal
Sarel & Gerda Reinecke

“Elkeen se lewe het 'n getuigenis om te gee”